

Lêerno.: 5/1/P
Verwysing: 20240322 - 4254

Omsendbrief: 0014/2024

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), en Hoofonderwyskundiges (Hoofkantoor en distrikskantore)

Kort opsomming: *Hersiening van die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, Verskaffingskettingbestuursdelegasies, en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel wat op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement van toepassing is.*

Onderwerp: Hersiening van die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, Verskaffingskettingbestuursdelegasies en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om die goedgekeurde Rekenpligtige Beampte se Stelsel, Verskaffingskettingbestuursdelegasies (VKB-delegasies), en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, wat op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) van toepassing is, uit te reik. Die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, VKB-delegasies en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel is op 22 Maart 2024 goedgekeur en sal op 02 Mei 2024 in werking tree.
2. Die WKOD moet voldoen aan Hoofstuk 16A van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie-instruksies (PTI's), uitgereik op 23 September 2019, wat op 01 Oktober 2019 in werking getree het.
3. Paragraaf 3.1.1 van Hoofstuk 16A van die PTI's bepaal dat "*the accounting officer or accounting authority of an institution to which these Instructions apply must develop, document, maintain and implement an effective and efficient supply chain management system*".

4. Ingevolge artikel 38(1)(a)(iii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999 (Wet 1 van 1999):
 - (1) *“the accounting officer for a department, trading entity or constitutional institution—*
 - (a) *must ensure that the department, trading entity or constitutional institution has and maintains—*
 - (iii) *an appropriate procurement and provisioning system which is fair, equitable, transparent, competitive and cost effective;”*.
5. Die Rekenpligtige Beampte se Stelsel is ontwikkel om ooreen te stem met die voorgenoemde PTI's en die WOFB, en om nakoming van die voorskrifte te verseker.
6. Die WKOD moet van tyd tot tyd die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, VKB-delegasies en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel hersien om die geldigheid en volledigheid daarvan te verseker.
7. U word dus versoek om te verseker dat alle amptenare, ingeslote die VKB-praktisyns en VKB-amptenare, in die onderskeie takke, hoofdirekorate, en direkorate aan die VKB-prosesse voldoen ooreenkomstig die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, VKB-delegasies, en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel.
8. Die Rekenpligtige Beampte se Stelsel, VKB-delegasies en Addendums tot die Rekenpligtige Beampte se Stelsel sal op 02 Mei 2024 in werking tree. Alle weergawes wat voorheen goedgekeur is word hiermee herroep.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: LJ ELY

WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-04-16